



Artikel 26

CHRISTUS ONSE VOORSpraak

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhevenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Filippense. 2:6-7 en Hebreërs 2:17). As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Romeine 5:8, 10)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit soveel daarvan as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op die aarde het (Matteus 28:18)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte

posgevat het om die heiliges te onteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit uit hulle geskifte blyk. Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof. Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liewer die gebrek aan vertroue van ons wil wegneem - dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gelyk het, kan Hy dié help wat versoek word (Hebreërs 2:17-18). En om ons nog meer moed te gee om na Hom toe te gaan, sê die apostel vervolgens: 'Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word' (Hebreërs 4:14-16). Dieselfde

apostel sê: 'Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid...' (Hebreërs 10:19, 22). En voorts: 'maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree' (Hebreërs 7:24-25). Wat kom daar dan nog kort, aangesien Christus self sê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie' (Johannes 14:6)? Waarom sou ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem of liever 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Johannes 16:23).

In die vorige *Die Skietlood* is daar gehandel met die seremoniële wet. Daar is aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis duidelik aangedui dat daar 'n ewige wet (Dekaloog - Tien Gebooie) is en 'n tussentydse seremoniële wet. Die seremoniële wet het versoening ten doel gehad en het vooruit gewys na die volkome versoening wat deur die Messias bewerkstellig sou word.

Christus het daardie versoening werklikheid gemaak. Deel van daardie tema moes eintlik die werk van priesters en Leviëte gewees het. Die priesters het diens gedoen om die seremoniële wet administratief reg toe te pas. Oor geslagte heen is mense aangestel en het hulle diens gedoen by die Heiligdom. Jesus se koms het die voorafskaduwing van die wet in vervulling gebring. Dit beteken dat ook die administrasie van daardie wet in vervulling gegaan het. Anders gestel; daar is nie meer plek in hierdie nuwe bedeling vir priesters in die Ou Testamentiese verstaan nie. Jesus het die noodsaak van voorsprakers (priesters en tussengangers) oorbodig gemaak. Die vraag kan nou ontstaan na die nodigheid van hierdie artikel wat na Christus se werk as Voorspraak verwys.

In die eerste instansie moet ons altyd voor oë hou dat Jesus die Hoë Priester na die orde van Melgisedek is (Lees weer Artikel 21 van die NGB - *Die Skietlood* 134). Hierdie priesterorde het 'n bestaan buite die seremoniële wet en was reeds in Abraham se tyd bekend. Net soos die Wet en wet onderskei moet word, so moet ook kennis geneem word dat Priester en priester onderskei moet word. Die priesterorde van Melgisedek dui op 'n lewenslange amp, terwyl priesters diensbeurte binne die wet uitgevoer het. Jesus lewe en is daarom steeds hierdie Hoë Priester. Sy dienstermyn het nie ten einde geloop aan die einde van 'n termyn of diensbeurt nie, Hy is steeds besig om as ons Middelaar op te tree by die Vader. Sonder Sy bemiddeling sal dit nie vir mense moontlik wees om in hierdie bedeling getrou te bly nie.

Tweedens moet ons die konteks van skrywe in ag neem. Die NGB was geskryf

in 'n tyd toe almal as Roomse lidmate grootgeword het. Die sentrale rol van priesters kan nie onderskat word nie. Priesters was amptelike middelaars tussen God en sondaarmense. Selfs daardie gaping was vir sommige mense te groot en so is die aanhang van Heiliges as nog 'n tussenfase tussen die Heilige Here en die sondaarmense ingestel. Maria is dan selfs as heilige verlosser en middelaar gesien. Priesters was die persoonlike agente wat God se genade by wyse van die sewe sakramente uitgedeel het. Die priesters het God verteenwoordig, na die sondebieg van mense geluister en dan vergifnis uitgedeel met 'n "*te absolvo*" (ek vergewe jou). In die nuwe situasie; wat gemaak met die priesters?

Artikel 26 van die NGB wil met teologiese begroning pastorale begeleiding gee aan lidmate wat skielik nie meer priesterlike tussengangers het nie. Gelowiges moes net weer daarop gewys word dat geen menslike tussenganger nodig is nie, by die kruisgebeure het die tempel se gordyn middeldeer geskeur. Gelowiges moes nuwe denkpatrone en lewenshandelinge aanleer. Sonder priesters en sonder Maria en ander Heiliges moes gelowiges staatmaak op Jesus Christus alleen, die enigste Weg en Waarheid. Hy is ware God en ware mens. Sy ware menswees impliseer dat Hy ons ten volle ken, van al ons versoekings en onsekerhede weet. Hy wat vir ons as Middelaar optree, is een van ons. Hy het volle en vrye toegang tot die Vader omdat Hy die Seun is. Hy het ons sondes vergewe, Hy is die rede dat ons sondes vergewe is en Hy is die een wat ons swakke bedes verstaan.

Dit is Jesus wat ons gebede hoor, verstaan en voor die Vader stel. Dit is die Seun deur Wie ons bid. Gebede wat op hulle eie welsprekendheid en reg aandrang op verhooring, sal misluk. Die stamelende gebed van die een wat hakkel sal in Jesus naam verhoor word. Ons kan met groot vrymoedigheid tot God nader. Ons skuldgevoelens en gebrek aan waardigheid is nie ter sprake nie. Dit is op grond van Jesus se waardigheid dat ons gebede voor God gebring word. Niks of niemand anders is nodig nie.

Aanhalings word in *skuinsdruk* geplaas, die **NGB** teks is in **vetdruk** en die kommentaar in gewone druk.

CHRISTUS ONS VOORSPRAAK

Hierdie titel verwys na Jesus se middelaarswerk. Daar is ook vertalers wat verwys na Jesus se bemiddeling. Die APK se vertaling van hierdie artikel gaan onder die titel "oor die enige voorbidding van Christus".

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige.

Vir die sondaarmense as sterflike en verganklike wese is daar eintlik twee vrae: Is dit moontlik om tot God te nader? Daarmee saam die tweede vraag: Indien toegang moontlik is, hoe doen 'n mens dit? Op hierdie vrae is daar antwoorde. Dit is moontlik om toegang tot God te kry, maar daar is net een kanaal; deur Christus het ons toegang tot die Vader.

Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan hê,

anders sou die toegang vir ons gesluit wees.

Die twee nature van Christus moet vanuit verskillende perspektiewe verduidelik word om tot 'n beter begrip van hierdie groot geheimenis te kom. In terme van menslike toenadering tot God, het die twee nature ook 'n besondere betekenis en implikasie. Die gespreksafbakening van Chalcedon het van die twee nature gestel dat dit "sonder vermenging, sonder verandering, sonder verdeeldheid, sonder verdeling/skeiding" is. In ons verstaan van Jesus Christus moet ons in gedagte hou dat Jesus se menswording altyd so verstaan moet word dat die twee nature eie aan Jesus is sonder dat daar vermenging van die nature is of was, dat die twee nature nie gaan verander nie, innerlik saamwerk en nie sal skei nie. Hy is derhalwe ons ewige Voorspraak by die Vader. Hy is inderdaad die enigste Weg na die Vader.

Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verheuenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie.

Die heiligheid van God maak 'n middelaar nodig. God het in Sy wysheid en liefde besluit om Jesus Christus as Middelaar daar te stel. Die mens moet in dankbaarheid dit so aanvaar. Hy is die Seun van God en is verhewe, maar Hy is ook Seun van die mens en daarom een van ons, een tussen ons. Dit is menslik om na eie denke te wil optree. Dit is dwaas om te dink dat enige menslike denke en projeksie 'n middelaar sal kan bewerkstellig. Die verwysing is in hierdie gedeelte na die neiging by die Roomse

kerk om sekere mense tot heiliges te verklaar en hulle dan as spesialis middelaars voor te hou. Mense moet besef dat God self die middelaar bepaal het en daargestel het. Met ander woorde dit is God wat besluit het dat ons tot Hom mag nader.

Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en van 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Filippense. 2:6-7 en Hebreërs 2:17).

Daar is reeds verwys na God wat in liefde en wysheid die middelaar aangestel het. Nou word dit ook gestel dat Jesus dieselfde liefde het wat Hom daartoe gebring het om hierdie rol as middelaar aan te neem, selfs met die geweldige implikasies wat dit vir die Tweede Persoon ingehou het. Dit is met ander woorde die Vader wat in liefde besluit het om Sy geliefde Seun as Middelaar daar te stel en die is die Seun wat in liefde ingestem het tot hierdie taak.

As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Romeine 5:8, 10)?

Die opsteller van die NGB is hier besig om sekere argumente ten gunste van ander middelaars (heiliges) te weerlê. 'n Eerste argument sentreer rondom middelaars wat die aanbieder goedgesind is. So vind ons die heilige wat reisigers beskerm, die

heilige wat vakmanne se harte verstaan en dies meer. Die teenargument is dat Jesus ons so goedgesind was dat Hy Sy lewe vir ons afgelê het. Daar is geen groter bewys van toegeneentheid nie.

En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit soveel daarvan as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op die aarde het (Matteus 28:18)?

Daar is diegene wat 'n middelaar van aansien voorstaan. Hulle redeneer: Iemand met aansien sal sekerlik voor God mag verskyn en ons saak stel. Daar is geen groter eer as om aan die regterhand van die Vader te wees nie. Die Seun is by uitstek die een wat by wyse van spreke die oor van die Vader het.

En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God?

Maria is 'n geliefde heilige, wie het tog meer liefde om te gee as 'n moeder, en dit nogal die Moeder van Jesus. Die antwoord bly telkens dieselfde. Die geliefde Seun van God is God se mees geliefde. Dit is Sy geliefde Seun in wie Hy 'n welbehag het. Die Vader sal sekerlik na die Seun luister.

Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te ontteer in plaas van hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit uit hulle geskrifte blyk.

Uit die Bybel is dit duidelik dat geen van die Apostels of eerste gelowiges (die heiliges) genoeg daarmee geneem het dat hulle vereer word nie. Hulle het ook op

geen stadium die fokus op hulle self getrek nie. Elke een van die martelare het die eer aan God gegee, almal na God gerig. Die gelowiges wat met ander woorde deur sogenaamde heiliges wil bid, doen daardie gelowiges persoonlik oneer aan.

Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof.

Hierdie punt moet uitermate onderstreep word. Dit is 'n menslike dwaling om te dink dat die waardigheid van die aanbieder bepalend is ten opsigte van gebed. Die aanbieder moet natuurlik in opregtheid en ware geloof bid, in werklikheid is dit net gelowige mense wat bid. Die sondebeseft, of die mens se gevoel van minderwaardigheid in die gemeenskap, kelder gelowiges se pogings om met erns te bid. Mense is geneig om te dink dat hulle welsprekendheid, hulle waardigheid en eerbiedwaardigheid God "dwing" om gebede te verhoor. God verhoor die gebed van die opregte gelowige, ongeag die waardigheid of welsprekendheid van die persoon.

Daarom sê die apostel - wanneer hy hierdie dwase vrees of liewer die gebrek aan vertroue van ons wil wegneem - dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.

Al is dit werklik 'n vrees wat lewe in die harte van gelowiges, is die vrees dat die gelowige se waardigheid die kwaliteit van gebed bepaal, 'n dwase vrees. Die gebrek aan vertroue moet nie met selfvertroue aangespreek word nie, maar met vertroue in die genade en liefde van God.

Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word (Hebreërs 2:17-18). En om ons nog meer moed te gee om na Hom toe te gaan, sê die apostel vervolgens: 'Terwyl ons dan `n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word' (Hebreërs 4:14-16).

Jesus is ware Middelaar, ook omdat Hy ons versoeking ken, Hy het hulle self ervaar. Hy ken die mens se hart en kan deur Sy verdienste elke gebed voor God se troon bring. Dit is dan ook waarom ons altyd in Sy naam bid.

Dieselfde apostel sê: 'Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree met `n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid...' (Hebreërs 10:19, 22).

Dit is nie met trots of selfvertroue dat ons bid nie, maar met dankbaarheid. Ons vrymoedigheid is nie gesetel in ons

verdiensie, prestasies of waardigheid nie, dit is gegrondves op die Here Jesus en Sy middelaarswerk.

En voorts: 'maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree' (Hebreërs 7:24-25). Wat kom daar dan nog kort, aangesien Christus self sê: 'Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie' (Johannes 14:6)? Waarom sou ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem of liever 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Johannes 16:23).

Jesus as Middelaar is die een wat ons gebede voor die Vader se troon bring. Dit sal so bly tot die dag van die wederkoms. Al het Hy reeds vir ons sondes gesterf en al is Sy verdienste aan ons toegereken, is ons steeds in hierdie gebroke bedeling. Ons sal eers eendag ten volle ken. Ons is in die tussentyd aan verganklikheid en onsekerheid onderworpe. In hierdie ellendige situasie verseker Jesus Christus dat ons met vrymoedigheid met God mag praat.

